

# HOOFSTUK 3

## Afstandsonderwys en Oop afstandsl eer in Verskillende Lande

### 3.1 Inleiding

Vir doelwit (ii) *Om oop afstandsl eer in ontwikkelende en ontwikkelde lande ten opsigte van kontakklasse en e-leer te vergelyk om sodoende beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel te bepaal*, word die ontstaan en bedryf van afstandsonderwys (distance education), met spesifieke verwysing na oop afstandsl eer, aan 12 universiteite in enkele reeds ontwikkelde lande (Engeland, Australië en Swede), in enkele ontwikkelende Oosterse lande (Bangladesj, Indonesië en Indië), asook in enkele ontwikkelende Afrikalande (Nigerië, Tanzanië en Uganda), en meer spesifiek Suid-Afrika, ten opsigte van die wyse van kontakklasaanbieding, *enkelmodus* of *dubbelmodus* van aflewering en die implementering van e-leer bespreek. As deel van die ondersoek oor afstandsonderwys in Suid-Afrika word ook indringend gekyk na die oop afstandsl eermodel van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding van die Noordwes-Universiteit, deur dit met die modelle van twee ander Suid-Afrikaanse universiteite te vergelyk. Die hoofstuk sluit af met 'n opsommende vergelyking tussen die oop afstandsl eerkomponente by die geïdentifiseerde universiteite (in ontwikkelde en ontwikkelende lande), om sodoende beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel te bepaal, en die tweede navorsingsdoelwit hierdeur te bereik.

### 3.2 Afstandsonderwys en oop afstandsl eer in ontwikkelde lande

Vervolgens word kortliks ondersoek ingestel na die ontstaan en bedryf van afstandsonderwys (*distance education*) in ontwikkelde lande (Engeland, Australië en Swede). Engeland is vir die bespreking gekies aangesien Britse universiteite, soos die *Open University in Milton Keynes* (ook genoem die *United Kingdom Open University*), toonaangewend in oop afstandsl eer wêreldwyd is. Australië is as voorbeeld van 'n ontwikkelde Suidelike Halfrond-land gekies. Daar is besluit om Swede by die bespreking in te sluit aangesien

Swede 'n vooraanstaande eerstewêreldland met van die beste opvoedkundige stelsels ter wêreld is.

### 3.2.1 Engeland

In 1840 het die Britse koerant, die *Penny Post*, toestemming aan Isaac Pitman verleen om snelskrif deur korrespondensie te onderrig. Drie jaar later is opleiding geformaliseer deur die stigting van die *Phonographic Correspondence Society*, die voorloper van *Sir Isaac Pitman's Correspondence Colleges* (L. A. Schlosser & Simonson, 2002). Studie deur middel van korrespondensie het in Brittanje bly ontwikkel deur die stigting van 'n aantal korrespondensie-instellings, soos *Skerry's College* in Edinburgh in 1878, en die *University Correspondence College* in Londen in 1887 (Harry, Keegan, & Magnus, 1993).

Terselfdertyd het die beweging vir die uitbreiding van universiteite in die VSA en Engeland ook korrespondensie as studiemetode bevorder. In die 1960's het die Arbeidersregering van die Verenigde Koninkryk onder Harold Wilson die opening van die *University of the Air* goedgekeur. Dit word later die *Open University*, wat tans in Milton Keynes gevestig is. Aanvanklik het die *University of the Air* grade afgelewer deur radio- en TV-uitsendings in vennootskap met die Britse Uitsaaikorporasie, maar papiergebaseerde materiaal en later rekenaarkommunikasie is steeds noodsaaklike bestanddele van afstandslowering van voorgraadse programme (L. A. Schlosser & Simonson, 2002).

Die grootste universiteit in Engeland wat afstandsonderwys verskaf, is die *Open University* in Milton Keynes (Open University London, 2010c). Die *Open University* het tans meer as 200 000 ingeskrewe studente en maak deel uit van die tien grootste universiteite ter wêreld, bekend as mega-universiteite. 'n Direkte resultaat van dié universiteit se sukses was dat hierdie model deur baie lande in beide die ontwikkelde en ontwikkelende wêreld aanvaar is (Keegan, 1996).

Die tweedegrootste verskaffer van afstandsonderwys in Engeland is die *University of Leicester*, wat 'n besigheidskool is. Die *University of Leicester* is in 1921 gestig en is 'n lid van die *Association of Commonwealth Universities (ACU)*, wat aan studente internasionaal erkende kwalifikasies bied (University of Leicester, 2010). Nog 'n gewilde instelling in Engeland wat afstandsonderwys bied, is die *Open College*. Die *Open College* bied slegs diplomas wat betrekking het op gesondheidsdienste. Die kollege is volledig

afstandsonderwysgeoriënteerd en het nie net takke in Engeland nie, maar ook in Australië, Florida, Hongkong, Griekeland, Turkye, Amerika en Afrika (Open College, 2010).

In 1969 het die Britse regering die *Council for the Accreditation of Correspondence Colleges* gestig, wat in 1995 onafhanklik geword het en tans die *Open and Distance Learning Quality Council (ODLQC)* heet. Die doel van hierdie raad is om kwaliteitskontrole toe te pas met betrekking tot afstandsonderwys en ook om die regte van studente te beskerm. Studente kan hulle dus op die ODLQC beroep indien hulle voel hulle word te na gekom of indien hulle ander probleme met hul instansie ervaar. Die ODLQC verskaf ook nuttige wenke aan voornemende studente (Open and Distance Learning Quality Council, 2010a). Daar is tans 46 instansies in Engeland wat by die ODLQC geakkrediteer is, onder andere die *Open University*, *Cambridge International College*, *Manchester Open Learning* en die *International Teachers College*, London (Open and Distance Learning Quality Council, 2010b). Studente wat in oop en afstandsleer in Engeland belangstel, kan by die *International Centre for Distance Learning (ICDL)* navraag doen om uit te vind watter kursusse by watter instansies beskikbaar is, op hul webwerf: <http://icdl.open.ac.uk/> Navorsers in die Verenigde Koninkryk bly steeds leiers in die identifisering van probleme en die voorstel van oplossings op die gebied van afstandsonderwys en oop afstandsleer (Harry, et al., 1993).

### **3.2.2 Australië**

Afstandsonderwys, of soos die literatuur dikwels daarna verwys, oop en afstandsleer (*open and distance learning*), dateer in Australië uit die eerste dekade van die 19e eeu; dus het die stelsel gevestigde ondervinding waaruit waardevolle lesse te leer is. 'n Eienskap van oop afstandsleer in Australië is dubbelmodusuniversiteite wat soortgelyke kurrikula aanbied vir op- en afkampusstudente. Die dubbelmodus bevorder die keuse van studente en bied ook buigsaamheid t.o.v. die kombinasie van kursusse. In 2000 was 94 000 studente (14% van alle studente) ingeskryf by oop en afstandsleerinstansies in Australië. 'n Beduidende getal is gelyktydig vir op- en afkampus ingeskryf (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). Australië se voorsiening van oop en afstandsleer poog om toegang en uitkomst te bied aan benadeelde en ontwortelde bevolkingsgroepe soos die Australiese inboorlinge en Torre Strait-eilandbewoners. Voorsieners is goed toegerus met hoëvlaktegnologie, en daar is aanvaar dat asinchroniese vorme van leer meer buigsaam is (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Die *Open and Distance Learning Association of Australia (ODLAA)* beywer hulle om oop en afstandsl eer in Australië te bevorder, en publiseer ook 'n *oop en afstandsl eer*-vaktydskrif, naamlik *Distance Education* (Open and Distance Learning Association of Australia, 2010b). Die ODLAA maak ook jaarliks agt toekennings vir die beste navorsing wat gedoen is op die gebied van oop en buigsame afstandsonderwys (Open and Distance Learning Association of Australia, 2010a). Daar is ook Open Universities Australia (OUA) wat deur sewe van Australië se afstandsonderwysuniversiteite besit word, naamlik *Curtin University*, *Griffith University*, *Macquarie University*, *Monash University*, *RMIT University*, *Swinburne University of Technology* en die *University of South Australia* (Open Universities Australia, 2010).

Die OUA is 'n instansie wat inligting, raad en hulp aan studente verskaf wat by 'n oop universiteit in Australië wil studeer. Daar is 18 universiteite wat by die OUA geaffilieer is, en studente kan uit meer as 1000 modules en 90 kursusse kies (Open Universities Australia, 2010). Nog universiteite (nie-lede van *Open Universities Australia*) wat oop en afstandsl eer in Australië verskaf, is *Deakin* (van die meer as 32 000 ingeskrewe studente is 40% afstandsl of afkampusleerders), *ACS Distance Education* (bied slegs afstandsonderwys aan in 350 kursusse, het ook takke in die Verenigde Koninkryk, VSA en Nieu-Seeland) en die *Open Training and Education Network (OTEN)*, wat ongeveer 37 000 studente met ongeveer 250 verskillende programme of kursusse bedien (Online Education Australia, 2010).

### **3.2.3 Swede**

Die tradisie van afstandsonderwys in Swede is begin met die Hermods Correspondence Institute in Malmö in 1898, wat Engels deur korrespondensie onderrig het. Hermods het een van die wêreld se grootste en invloedrykste afstandsonderwysorganisasies geword (L. A. Schlosser & Simonson, 2002). Hermods se benadering tot afstandsonderwys is volle vryheid van programme, met klem op studente se vrye pas van ontwikkeling deur 'n program (Holmberg, 1986; C. A. Schlosser & Anderson, 1994). Die Sweedse onderriguitsaaimaatskappy verskaf 'n verskeidenheid opvoedkundige materiaal via televisie, radio, teleteks, webwerwe en gedrukte materiaal. Regdeur die land is daar ook baie informele studiegroepe waar studente idees kan uitruil en onderwerpe kan bespreek (BOLDIC, 2003). Die Sweedse regering ondersteun afstandsonderwys nie net finansiëel nie, maar vereis ook van munisipaliteite om hulp te verskaf aan volwassenes wat belangstel om kwalifikasies deur afstandsonderwys te verkry.

Die mees prominente projek is die *Swedish Agency for Flexible Learning (CFL)*, 'n maatskappy wat munisipaliteite moet bystaan in die aanbieding van afstandsonderwysprogramme (BOLDIC, 2003). Swede het 'n baie goeie tegnologiese infrastruktuur, wat beteken dat internet- en telefoongeriewe vrylik beskikbaar is. 'n Studie wat in 2002 gedoen is, toon dat meer as 95% van alle studente en dosente tuis toegang tot die internet het. Internettoegang vir leerders en studente geld in 100% van gevalle en dit verbeter die implementering sowel as die moontlikhede van uitbreiding op die gebied van afstandsonderwys (BOLDIC, 2003). BOLDIC.net is 'n internetondersteuningsnetwerk vir *The Baltic-Nordic Network for Exchange of Experience in ODL* en is op die web beskikbaar by: <http://www.boldic.net/ShowSearch.aspx?Page=Search>, waar virtuele konferensies gereël word en idees oor afstandsonderwys uitgeruil word. Daar is ook 'n BOLDIC-prys wat toegeken word vir die kursus/program wat die beste presteer het t.o.v. kreatiwiteit en innovasie in afstandsonderwys in die Baltiese lande.

Soos reeds elders genoem, is een van die groot uitdagings vir die toekoms wat deur hierdie studie ondersoek word die rol van e-leer as plaasvervanger vir die tradisionele wyse van kontakonderrig by afstandsl eer. Hieronder word vervolgens die aanbieding van kontakklasse in die oop afstandsl eermodelle van universiteite, een uit elk van die drie ontwikkelde lande, met mekaar vergelyk word (kyk Tabel 3.1). Die doel van hierdie vergelykende studie is om eerstens te kyk of hierdie universiteite 'n *enkelmodus-* of *dubbelmodus-*metode volg en tweedens hoe kontakklasse aangebied word, en derdens of hulle reeds e-leer as afleweringmetode implementeer. Soos reeds genoem, is die *Open University* in Milton Keynes een van tien mega-universiteite wêreldwyd wat oop afstandsl eer gebruik, en daarom het die navorser besluit om hierdie universiteit in te sluit by die vergelyking.

Tydens Prof. Toni Downes (*Charles Sturt University* in Australië) se besoek aan die NWU het die navorser besef dat *Charles Sturt University* baie ooreenkomste met die SVO se oop afstandsl eermodel het. Derhalwe is *Charles Sturt University* vir die bespreking gekies. *Linnaeus* in Swede is as die derde oop afstandsl eeruniversiteit vir die vergelyking geïdentifiseer, aangesien Swede se opvoedkundige stelsel as van die beste ter wêreld gereken word, en Swede baie tegnologies gevorderd is. Tabel 3.1 gee 'n uiteensetting van die drie universiteite in ontwikkelende lande. Die inligting in Tabel 3.1 word nie verder bespreek nie, aangesien die inligting vanselfsprekend is.

**Tabel 3.1: Die ontstaan, modus van aflewering, programaanbieding, studiemateriaal en assessering van oop afstandsleerprogramme aan universiteite in drie ontwikkelde lande**

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>Ontstaan</b>	Beplanning (konseptualisering, navorsing, aanstelling van 'n uitvoerende komitee, ontwikkeling van 'n leerplan en bemarking) het 7 jaar geneem (1962-1969). Die eerste studente-inskrywings is in 1970 aanvaar, in Januarie 1971 het die eerste studente aan hul kursusse begin werk en teen 1980 was daar reeds 70 000 ingeskrewe studente (Open University London, 2010a). Die onderrigstyl wat gebruik word, word genoem <i>supported open learning /distance learning</i> (Open University London, 2010g).	Die grondslag vir die Universiteit is in 1895 gelê met die stigting van die Bathurst-proefplaas. Deur die samesmelting van streeksinstansies in suidwestelike en westelike Nieu-Suid-Wallis is die Charles Sturt Universiteit (CSU) formeel op 19 Julie 1989 onder die “Charles Sturt Universiteits Act” 1989 geïnkorporeer. Die Universiteit is vernoem na 'n bekende Australiese ontdekkingsreisiger, Charles Napier Sturt (Charles Sturt University, 2010b).	Linnaeus University het op 1 Januarie 2010 hul deure geopen. Lannaeus het sy ontstaan uit die samesmelting van Kalmar University (1977 – Kalmar 2010) en Växjö University (Linnaeus, 2010c).
<b>Modus van aflewering</b>	Enkelmodus	Dubbelmodus	Dubbelmodus
<b>Programaanbieding</b>	Studente studeer deelyds, lees en werk deur kursusmateriaal, voltooi opdragte en werk soms saam met ander studente volgens hul eie pas en beplanning (Open University London, 2010b). Daar is 13 streeksentrums ( <i>Regional Centres</i> ) oor die land versprei waar studente om hulp kan vra en kontaksessies kan bywoon. Die materiaal wat verskaf word, die aantal kontaksessies en die aard van opdragte wat ingehandig word, is uniek aan elke kursus.	CSU se afstandsonderwys bestaan hoofsaaklik uit selfstudie. Studiemateriaal sluit in gedrukte materiaal, CD's/DVD's en materiaal wat op die internet beskikbaar is, byvoorbeeld studieforums, blogs, wiki's en toegang tot biblioteekmateriaal, en studente kan ook opdragte digitaal via die internet inhandig. “CSU Interact” is die Universiteit se virtuele klaskamer waar studente met dosente kan kommunikeer en by lesings kan inskakel, en elke vak het sy eie virtuele ruimte waarop studente kan inskakel. Studente kan een tot vier vakke per	Die universiteit gebruik en onderskei twee modelle: <ol style="list-style-type: none"> <li>1. “Web-based courses”: Die kursus word in die geheel via die internet aangebied, met geen of baie min kontaksessies in Kalmar of Växjö.</li> <li>2. "Learning centre courses": Hierdie tipe kursus het meer</li> </ol>

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
	<p>Leermateriaal wat verskaf word, kan die volgende insluit:</p> <p>Gedrukte kursusmateriaal, voorgeskrewe boeke, oudiokassette, videokassette, televisieprogramme [OU werk saam met die BBC (Open University London, 2010a), CD-Rom-sagteware, webwerwe en 'n pakket om eksperimente tuis te doen (Open University London, 2010g).</p> <p>Opdragte moet voltooi word en daar moet 'n eksamen afgelê word. Vir sommige kursusse moet opdragte voltooi word wat deur 'n rekenaar nagesien word, en soms moet projekte voltooi word en skripsies geskryf word om modules te slaag (Open University London, 2010g).</p>	<p>semester neem, soos hulle verkies. Elke vak benodig omtrent agt of tien studie-ure per week (Charles Sturt University, 2010c).</p>	<p>kontakssessies by spesifieke munisipale/ universiteitsentrums.</p> <p>Videokonferensies vind plaas sodat student kan deel wees van lesings of aan seminare kan deelneem.</p> <p>Die universiteit vereis dat studente 'n vinnige internetverbinding, 'n webkamera, oorfone en 'n mikrofoon by hul rekenaars het (Linnaeus, 2010b).</p>
<b>Kontak met fasiliteerders, dosente en kontaksentrums</b>	<p>Elke streek het 'n sentrum (regional centre) waar studente om hulp kan vra (Open University London, 2010g). Elke student maak ook deel uit van 'n klein groepie studente wat onder leiding van een hulpdosent (tutor) werk en aan groepsessies deelneem.</p>	<p>Studente kan met dosente kommunikeer via telefoon, e-pos, faks of forums op die internet.</p> <p>Kontakbesonderhede word op die web en op elke vak se virtuele klasruimte aan studente verskaf (Charles Sturt University, 2010c).</p>	<p>Studente kan via die internet met dosente kontak maak (Linnaeus, 2010b).</p>

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>Kontakklasse</b>	Die aantal kontakklasse en plaaslike en dagskole word met die aanvang van die kursus aan studente in die kursusjaarboek/kursusplan ( <i>course calender/course plan</i> ) vir daardie spesifieke studie bekend gemaak. Hierdie kursusbeplanning sluit die voorgestelde aktiwiteite vir elke week en sperdatumsvir assesseringsgeleenthede in (Open University London, 2010g).	Kontaksessies is meestal vervang deur CSU Interact, wat basies 'n virtuele klasopset is. Terwyl die dosent klas gee, kan studente via die internet op die lesing inskakel en ook met die dosent kommunikeer. Soms word telefoon- of videokonferensies deur dosente aangebied, en daar is dagskole op kampus asook naweeksessies wat studente kan bywoon. Sommige van hierdie sessies is wel verpligtend en dit word in die vakuiteensetting van elke vak aan studente gestipuleer (Charles Sturt University, 2010c).	Kontakklasse word vir sekere kursusse aangebied. Daar is studiesentrums beskikbaar in elke provinsie, met die volgende fasiliteite: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tradisionele studiefasiliteite (klaskamers, werkskamers vir groepe, selfstudieplekke, koffiepousefasiliteite, ens.);</li> <li>• personeel wat administratiewe en tegniese ondersteuning kan bied;</li> <li>• rekenaars met internetbindings en verskeie sagtewarepakkette;</li> <li>• videokonferensiefasiliteite;</li> <li>• fotostaatfasiliteite;</li> <li>• naslaanwerke; en</li> <li>• fasiliteite om eksamens af te lê (Linnaeus, 2010c).</li> </ul>



	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>Is kontakklasse verpligtend?</b>	Tutoriale is gewoonlik nie verpligtend nie, studente kan heeltemal onafhanklik studeer, maar gewoonlik is plaaslike/dagskole verpligtend (Open University London, 2010f)	Tutoriaalsessies is nie verpligtend nie. Studente kan dagskole en vakansieskole bywoon, waarvan sommige wel verpligtend is (Charles Sturt University, 2010c)	Nie verpligtend nie
<b>Studiegroepe</b>	Soms ontmoet die groepe op 'n vasgestelde tyd en plek (gewoonlik 'n streeksentrum) maar internet- en telefoonkonferensies word ook onder leiding van hulpdosente (tutors) gehou (Open University London, 2010b)	Studente vorm leergemeenskappe op die virtuele platform "CSU Interact" (Charles Sturt University, 2010c)	Op webwerf-studieforums kan studente hul eie groepe vorm en virtuele besprekings voer, en studente kan by leersentrums vir groepswerk en besprekings ontmoet (Linnaeus, 2010c)
<b>Hoe ontvang studente hul studiemateriaal?</b>	'n Pakket van studiemateriaal word met die aanvang van die kursus ná registrasie aan die student geos. Daar is wel ook studiemateriaal op die internet beskikbaar en elke kursus het sy eie webwerf (Open University London, 2010e). iTunesU: Die universiteit gebruik die internetsagteware van iTunesU om materiaal aan studente beskikbaar te stel. Die materiaal kan by 'n spesifieke afdeling in die internetwinkel van die internet afgelaai word (Open University London, 2010d).	Studiemateriaal word aan studente geos voordat die kursus 'n aanvang neem en studente kan op elke vak se virtuele ruimte inskakel onder "Subject Outline" om te sien wanneer opdragte ingegee moet word, wanneer daar dagskole is en watter tekste benodig word (Charles Sturt University, 2010c).	Die meeste studiemateriaal word op die internet gelaai en studente kan dit van die universiteit se stelsel aftrek (Linnaeus, 2010c).

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>Assessering (Eksamens)</b>	<p>Sommige kursusse vereis die inhandiging van 'n skripsie, portefeulje of 'n skriftelike eksamen aan die einde van 'n kursus of 'n kombinasie van al drie. Sperdatums vir die inhandiging van skripsies en portefeuljes word met die aanvang van die kursus gegee. Eksamens word onder toesig van hulpdosente by die streeksentrums afgelê. Die eksamens is handgeskrewe, gewoonlik 3 ure lank. Alle diploma-taalkursusse het 'n skriftelike en mondelinge eksamen wat afgelê moet word (Open University London, 2010b).</p>	<p>Studente moet eksamens by gespesifiseerde eksamensentrums aflê. Hierdie sentrums is versprei deur Australië en die wêreld oor (Charles Sturt University, 2010c). Eksamensentrums is so versprei dat geen student meer as 120 km hoef te reis om eksamen af te lê nie (Charles Sturt University, 2010a).</p>	<p>Gewoonlik werk studente intensief aan net een of twee modules en dan skryf hulle eksamen daarvoor (“consecutive scheduling”) in pleks daarvan om verskeie modules gelyktydig te loop en dan 'n semestertoets en finale eksamen vir elk aan die einde van die semester te skryf (“parallel scheduling”) (Linnaeus, 2010d). Skriftelike eksamens moet by studiesentrums afgelê word, maar vir sommige kursusse/modules kan gerekenariseerde toetse afgelê word.</p>

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>e-Leer</b>	<p>Vir studiemateriaal: 'n e-biblioteek, webwerwe met studiemateriaal (byvoorbeeld LearningSpace en Learning Skills Support), asook 'n internetkonferensiestelstel (Open University London, 2010g). Assessering: Sommige opdragte word deur rekenaars gemerk en opdragte kan per e-pos aan nasieners gestuur word.</p>	<p>Studiemateriaal is op die internet beskikbaar en opdragte kan per e-pos aan dosente gestuur word vir assessering. Toegang tot die Universiteit se biblioteek kan ook via die internet verkry word en so het studente toegang tot digitale boeke en vaktydskrifte (Charles Sturt University, 2010c). Kontakssessies is meestal vervang deur “CSU Interact”, wat 'n virtuele leergemeenskap is. Die Universiteit stel dit dat toegang tot 'n rekenaar en die internet onontbeerlik is vir enige afstandskursus wat deur die Universiteit aangebied word (Charles Sturt University, 2010c).</p> <p>Studente moet opdragte voltooi en dit op een van drie maniere inhandig: (a) Via die internet (CSU gebruik sagteware genaamd EASTS – Electronic Assignment Submission); (b) per landpos; en (c) deur dit te plaas in spesiale houers op kampus waar studente opdragte persoonlik kan aflewer (Charles Sturt University, 2010a).</p>	<p>Studiemateriaal word op die internet beskikbaar gestel, vanwaar studente dit kan aflaai. Studente kan met dosente kommunikeer deur webkameras en Skype en hulle kan ook die internet gebruik om opdragte in te handig en terugvoer te ontvang (Linnaeus, 2010a).</p>

	OPEN UNIVERSITY, MILTON KEYNES	CHARLES STURT UNIVERSITY, AUSTRALIË	LINNAEUS, SWEDE
<b>Ander relevante inligting</b>	<p>25 000 Studente kyk elke week via die internet na hul akademiese rekords. Met die laaste eksamen het 85 000 studente via die internet na hul resultate gekyk. Die webblad vir studenteondersteuning ontvang 70 000 besoeke per week.</p> <p>Die Oop Biblioteek word meer as 2,5 miljoen keer per jaar besoek.</p> <p>110 000 studente gebruik die konferensiestelsel. Daar is spesiale hulp vir gestremde studente waarvoor daar aansoek gedoen kan word. 16 000 konferensies/jaar word aangebied, waarvan 2000 deur die studente self gereël en gemodereer word (Open University London, 2010a).</p>	<p>Studente word aangemoedig om oriënteringsweek by te woon om met die ondersteuningstelsel vertrouwd te raak, om dosente te ontmoet en na verblyf vir dagskole te kyk (Charles Sturt University, 2010c).</p>	<p>As gevolg van 'n samewerking tussen twee universiteite in 2010 is dit nog 'n relatief jong universiteit.</p>

### 3.3 Afstandsonderwys en oop afstandsl eer in ontwikkelende Oosterse lande

In hierdie afdeling word kortliks gekyk na die ontstaan en bedryf van *afstandsonderwys* in ontwikkelende Oosterse lande, spesifiek Bangladesj, Indonesië en Indië. Hierdie drie lande is gekies weens hul groeiende aktiewe betrokkenheid by afstandsonderwys en oop afstandsl eer, en die ooreenkomste tussen hul bedryf van OAL en dié van Suid-Afrika. Ontwikkelende Afrikalande, soos Suid-Afrika, kan by Oosterse ontwikkelende lande leer, aangesien hierdie lande met soortgelyke uitdagings as Afrika te kampe het, waaronder beperkte infrastruktuur, geografiese isolasie en armoede.

#### 3.3.1 Bangladesj

Onderrig, veral tersiëre onderrig, is 'n groot probleem in Bangladesj. 'n Baie klein gedeelte van die bevolking besit 'n kwalifikasie van enige aard, omdat die oorgrote meerderheid van die bevolking ongeletterd is. Die Universiteit van Bangladesj het gevolglik informele kursusse ontwerp wat vir studente praktiese vaardighede aanleer wat hulle nuttig kan gebruik in hul beroepe, wat boerdery, omgewingsbewing en gesondheid insluit. Studente hoef nie eksamen in hierdie kursusse te skryf nie, aangesien dit prakties georiënteerd en hoofsaaklik daarop gemik is om die lewenstandaard van die bevolking te verbeter (Bangladesh Open University, 2004). Vir studente wat wel vir formele kursusse inskryf, is omstandighede baie moeilik omdat die land se infrastruktuur nie sterk genoeg is om ondersteuning aan studente te bied wat nie in staat is om kontakssessies op kampus by te woon nie maar heeltemal van afstandsonderwys afhanklik is (Numan, Islam, & Sadat, 2007). Studiemateriaal wat aan afstandsonderwysstudente beskikbaar gestel word, bestaan hoofsaaklik uit gedrukte materiaal en oudiovisuele opnames, hoewel daar ook van uitsaaisessies via radio en televisie gebruik gemaak word (Numan, et al., 2007).

Die grootste en oudste universiteit in Bangladesh, naamlik die *Universiteit van Dhaka* (gestig in 1921), het geen afstandsonderwysprogramme nie (University of Dhaka, 2010). In 1957 het die kommissie vir die hervorming van onderwys aanbeveel dat 'n korrespondensieskool gestig word. Dit het gelei tot die stigting van AVEC (East Pakistan Audiovisual Education Centre) in 1962, en die *School Broadcasting Programme*. Hierdie twee amalgameer en word later die *Bangladesh Institute of Distance Education (BIDE)*. Die sukses hiervan lei tot die *Bangladesh Open University (BOU)*, wat in 1992 gestig is. BOU het meer as 200 000

ingeskrewe studente en bied diplomakursusse, graadkursusse en informele onderwysprogramme aan (Bangladesh Open University, 2000; United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). BOU is die enigste openbare universiteit wat afstandsonderwys verskaf. Die BOU-kurrikulum sluit in sekondêre en hoër sekondêre sertifikate, landbou en veeteelt, onderwysopleiding, geesteswetenskappe, tale, sakebestuur, wetenskap en tegnologie, en nie-formele sowel as formele programme. Hier bly die kern van die onderrigaflewering steeds gedrukte materiaal, radio- en televisie-uitsendings en enkele individuele kontakgeleenthede, sowel as enkele telekonferensies (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

### 3.3.2 Indonesië

Geografies is *afstandsonderwys* die beste opsie vir die land omdat Indonesië uit 15 000 eilande bestaan. Dit is een van die grootste lande in Asië, met 'n bevolkingstal van 215 miljoen mense in 33 provinsies, 268 streke, 73 munisipaliteite, 2004 substreke en 69 065 dorpe. Dus sou dit nie vir die regering prakties wees (of bekostigbaar) om genoeg tradisionele universiteite te stig om al die mense op die eilande te bedien nie (Setijorini & Adnan, 2008).

*Afstandsonderwys* in Indonesië het in 1955 begin met die stigting van 'n korrespondensie-diploma vir die opgradering van onderwyskwalifikasies. In 1981 het twee oop en afstandsprogramme projekte begin om indiensopleiding op sekondêre en tersiêre vlak aan onderwysers te verskaf, en dit is wyd gebruik. Hierdie opgraderingskursusse kon slegs deur afstandsonderwys aangebied word omdat tradisionele onderwys te duur en onprakties sou wees. In 1984, met die stigting van die *Universitas Terbuka (Indonesian Open Learning University)* het hierdie programme deel van die universiteit geword, en tans is Universitas Terbuka die enigste universiteit wat afstandsonderwys in Indonesië verskaf (Setijorini & Adnan, 2008). Die *Universitas Terbuka (UT)* het studiesentrums wat oor die land versprei is, waar studente om hulp kan aanklop, studiemateriaal kan verkry en eksamens kan skryf (Setijorini & Adnan, 2008). UT poog om buigsame, goedkoop onderwys aan te bied wat mense bereik wat nie kontakklasse kan bywoon nie, en sodoende toegang tot hoër onderwys te vergemaklik. Hulle wil onderrig aanbied in gebiede waar ekonomiese en kulturele ontwikkeling plaasvind, en veral die kwalifikasies van primêre en sekondêre onderwysers verbeter (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Die geloofwaardigheid van afstandsonderwys in Indonesië word weerspieël in die toenemende getal inskrywings (350 000 vir 700 kursusse) by UT, die vestiging van programme in afstandsonderwys by ander instansies en die vestiging van die Indonesiese Afstandsonderwys netwerk, sowel as die vestiging van die *Indonesian Distance Learning Network (IDLN)* by 13 instansies om opleiding, navorsing en inligting te deel (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). Die UT gebruik gesentraliseerde sowel as gedesentraliseerde bestuur, en werk saam met eksterne instansies soos die poskantoor, die *Bank Rakyat Indonesian* en provinsiale regerings. Hul hoofkwartier is in Jakarta en word ondersteun deur 13 streekskantore (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

### **3.3.3 Indië**

Oop afstandslere het hier in die 1960's begin. Teen 1980 was daar 34 universiteite wat korrespondensiekursusse aangebied het deur departemente wat vir die doel ontwerp is. In Andhra Pradesh is die eerste enkelmodusuniversiteit in 1982 gestig, gevolg deur die *Indira Gandhi National Open University*, wat later ook in Bihar, Rajasthan en Maharashtra, Madhya Pradesh, Gujarat, Karnataka, Wes-Bengale en Uttar Pradesh gevestig is. Al hierdie enkelmodus-afstandsuniversiteite is gestimuleer deur die regering se voorneme om onderwys te demokratiser en lewenslank te maak. In 1995 het 200 000 studente ingeskryf vir oop afstandslereprogramme, 3% van die totale studentetal (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Die meeste van hierdie universiteite in Indië volg die model van die *Open University* in die Verenigde Koninkryk. Hulle koördineer kommunikasie en samewerking deur die *Raad vir Afstandsonderwys (Distance Education Committee)*, wat verantwoordelik vir die bevordering, koördinerings en handhawing van kwaliteit en standaarde (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). 'n Hele reeks faktore wat ontluikende kommunikasietegnologie, privatisering en globalisering het die vraag na oop afstandslere baie laat toeneem. Die regering voorsien meer as 90% van die befondsing, maar daar word beplan om die private sektor baie nouer te betrek – veral deur toe te laat dat gelde verhoog word (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Vervolgens word die oop afstandsleermodelle van universiteite, een uit elk van die drie ontwikkelende Oosterse lande, met mekaar vergelyk. Die *Bangladesh Open University* (met meer as 200 000 studente) is gekies aangesien dit 'n vooraanstaande oopleeruniversiteit in Bangladesj is. Vir die doel van hierdie vergelyking is die *Universitas Terbuka* in Indonesië gekies, aangesien dit die enigste afstandsleeruniversiteit in die land is. In Indië is die *Ghandi National Open University* gekies omrede dit een van die grootste en bekendste oopleeruniversiteite in Indië is. Tabel 3.2 gee 'n uiteensetting van die drie universiteite. Die inligting in die tabel word nie verder bespreek nie, aangesien die inligting vanselfsprekend is.



**Tabel 3.2: Die ontstaan, modus van aflewering, programaanbieding, studiemateriaal en assessering van oop afstandsl eerprogramme aan universiteite in drie ontwikkelende Oosterse lande**

	<b>BANGLADESH OPEN UNIVERSITY</b>	<b>UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIA</b>	<b>INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË</b>
<b>Ontstaan</b>	In 1956 is opdrag aan die onderwysdirektooraat gegee om 200 radio's aan opvoedkundige instansies te verskaf, wat gelei het tot die oudiovisuele opleidingsentrum (AVEC) in 1962, maar geen verdere ontwikkeling het tot ná Bangladesj se onafhanklikheid plaasgevind nie. In 1978 begin die SBP (School Broadcasting Pilot Project) wat in 1983 verander het na die NIEMT (National Institute of Educational Media and Technology) en later in 1985 vervang is deur die Bangladesh Institute of Distance Education (BIDE), wat BEd in afstandsonderwys verskaf het. Die sukses van die program het gelei tot die stigting van die Bangladesh Open University (BOU) in 1992 (Bangladesh Open University, 2000; United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).	Universitas Terbuka (UT) is die 45ste staatsuniversiteit in Indonesië en het op 4 September 1984 tot stand gekom (Universitas Terbuka, 2010).	Ghandi National Open University het in 1985 geopen (Indiaedu, 2010).

	BANGLADESH OPEN UNIVERSITY	UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIË	INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË
<b>Modus van aflewering</b>	Enkelmodus	Enkelmodus	Enkelmodus
<b>Programaanbieding</b>	<p>Die Universiteit bied formele en informele programme aan. Formele programme is sertifikate, diplomas, grade en meestersgrade. Minimum en maksimum tydperk vir die voltooiing van studie is vasgestel vir elke kursus, byvoorbeeld vir BEd is die studietydperk 'n minimum van 2 jaar en 'n maksimum van 5 jaar (Bangladesh Open University, 2004). Studente word deurlopend geëvalueer d.m.v. opdragte wat nagesien word na gelang die student dit inhandig, en aan die einde van elke semester moet 'n eksamen vir elke vak geskryf word (Bangladesh Open University, 2004). Omdat geletterdheid 'n groot probleem is, word daar ook informele programme aangebied waar leerders vaardighede aanleer, maar nie eksamen skryf nie (Bangladesh Open University, 2004). Die grootste leermedia vir afstandsonderwys is televisie en radio (Numan, et al., 2007).</p>	<p>Studiemateriaal wat gebruik word, sluit in: gedrukte materiaal, oudio-/videomateriaal, rekenaars/internet, radio- en televisieprogramme.</p> <p>Studente van enige ouderdom kan inskryf, daar is nie beperkings op tydperk van studie, registrasietyd en gereeldheid van eksamens nie, en die enigste beperking is dat alle voornemende studente sekondêre onderwys moet slaag (Universitas Terbuka, 2010). Studente kan enige tyd van die jaar registreer vir 'n program en teen hul eie pas werk (Setijorini &amp; Adnan, 2008).</p>	<p><i>Indira Gandhi National Open University</i> gebruik 'n multimedia-onderrigbenadering. Leermateriaal sluit die volgende in: gedrukte selfhelpmateriaal, kontaksessies (persoonlik en telekonferensie). Vir sekere kursusse soos wetenskap, rekenaarstudie, verpleegkunde en ingenieurswese word praktiese klasse by studiesentrums aangebied. Die voltooiing van opdragte en die aflê van eksamens is verpligtend (Indira Gandhi National Open University, 2010c), studente kan teen hul eie tempo werk, maar daar is vir elke kwalifikasie 'n minimum en maksimum studietydperk. 'n Open Distance Learning-eenheid van IGNOU wat spesifiek fokus op opleiding van onderwysers is die DEP-SSA-pakket (Distance Education Programme – Sarva Shiksha Abhiyan-pakket) (Indira Gandhi National Open University, 2010d). Hierdie program</p>

	BANGLADESH OPEN UNIVERSITY	UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIË	INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË
			gebruik die volgende hulpmiddels: (a) Gedrukte materiaal (SLM (selfleermateriaal), plakkate, kaarte, brosjures, ens.); (b) oudio (kassette/CD's); (c) radio (uitsaai en interaktiewe inbel); (d) video (kassette/CD's); (e) telekonferensies; en (f) multimedia.
<b>Kontak met fasiliteerders, dosente en kontaksentrums</b>	Kontakklasse word aangebied by studiesentrums, datums word aan studente bekend gemaak soos dit jaarliks vir elke program vasgestel word (Bangladesh Open University, 2004).	Beskikbaar, maar studente moet self besluit wat hul behoeftes is en dan self reël om by kontakssessies uit te kom. Kontakssessies word aangebied by sentrums genaamd UPBJJ-UT (Distance Learning Program Unit of the Open University), wat in elke provinsie in die land 'n tak het (Universitas Terbuka, 2010).	Die hoeveelheid en plek van kontakklasse word na behoefte bepaal en die meeste kursusse gebruik dit glad nie. Indien daar wel kontakklasse aangebied word, vind dit plaas by streeks- en studiesentrums (Indira Gandhi National Open University, 2010b).

	BANGLADESH OPEN UNIVERSITY	UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIË	INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË
<b>Kontakklasse</b>	Gewoonlik word kontakssessies elke tweede Vrydag by studiesentrums gehou, dus gewoonlik twee keer per maand. Die hoeveelheid plekke waar kontakssessies beskikbaar is, verskil van program tot program (Numan, et al., 2007).	Beskikbaar, maar nie verpligtend nie. Studente moet eie inisiatief neem, na behoefte (Universitas Terbuka, 2010).	Die hoeveelheid en plek vir kontakklasse word na behoefte bepaal en die meeste kursusse gebruik dit glad nie. Indien daar wel kontakklasse aangebied word, vind dit plaas by streeks- en studiesentrums (Indira Gandhi National Open University, 2010b).
<b>Is kontakklasse verpligtend?</b>	Nee, omdat dit nie altyd vir studente moontlik is nie (Numan, et al., 2007).	Kontakklasse is nie verpligtend nie.	Nee, maar vir sommige kursusse is daar wel verpligte praktiese klasse; die plek en datums word egter met elke kursus aan die studente meegedeel (Indira Gandhi National Open University, 2010b).
<b>Studiegroepe</b>	Geen formele studiegroepe.		Hoofsaaklik internetkommunikasie word gebruik om studente met mekaar te verbind (Indira Gandhi National Open University, 2010b).

	BANGLADESH OPEN UNIVERSITY	UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIË	INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË
<b>Hoe ontvang studente hul studiemateriaal?</b>	<p>Studente moet studiemateriaal by die streeksentrums (RRC's – Regional Resource Centres), koördineringskantore (CO – Coordinating Offices), en tutoriale sentrums (TC – Tutorial Centres) afhaal. Oudiokassette word uitgestuur en BOU berei audiovisuele materiaal voor wat elke dag vir 25 minute uitgesaai word, en 20-25 min-televisieprogramme word 5 dae per week uitgesaai (Bangladesh Open University, 2004).</p>	<p>Studiemateriaal word versprei deur die Hoofkantoor van die Universiteit, hulle ontwerp dit en lewer elke student se studiemateriaal (hoofsaaklik gedrukte materiaal, maar ook oudio/video) af (Setijorini &amp; Adnan, 2008).</p>	<p>Studente ontvang hul studiemateriaal deur die pos of kan dit by die Universiteit of studiesentrums afhaal (Indira Gandhi National Open University, 2010b).</p>
<b>Assessering (Eksamens)</b>	<p>Eksamens word net in formele programme afgelê (23 spesifieke programme), twee keer per jaar (een keer per semester) by studiesentrums wat oor die land versprei is waar studente kan aanmeld om eksamen te skryf (Bangladesh Open University, 2000, 2004).</p>	<p>Word persoonlik afgelê by een van 37 studiesentrums wat oor die land versprei is (Universitas Terbuka, 2010).</p> <p>Daar is eksamens aan die einde van elke semester (2 keer per jaar) gelyktydig oor die hele land. Sedert 2006 kan studente eksamen per afspraak skryf as hulle nie die eksamentye kan haal nie.</p> <p>Finale punte word bereken volgens opdragte wat deur die kursus vereis word en eksamenpunte. Studente kry hul uitslae op een van die volgende maniere: deur die pos, van streekskantore, op UT-webwerwe en</p>	<p>Eksamens word twee keer per jaar, in Junie en Desember, by studiesentrums geskryf (Indira Gandhi National Open University, 2010b). Innovasie: Eksamens op aanvraag. Studente wat kwalifiseer, hoef nie te wag vir die semestereksamens nie, hulle kan aansoek doen wanneer hulle gereed is en die eksamen by 'n studiesentrum aflê. Hierdie eksamen word m.b.v. 'n rekenaar afgelê, wat vrae uit 'n databasis kies sodat elke vraestel anders lyk.</p> <p>Sedert 2010 kan studente ook via die internet eksamen geskryf (Indira Gandhi National Open University, 2010a, 2010e).</p>

	BANGLADESH OPEN UNIVERSITY	UNIVERSITAS TERBUKA, INDONESIË	INDIRA GHANDI NATIONAL OPEN UNIVERSITY, INDIË
		deur SMS'e (Setijorini & Adnan, 2008).	
<b>e-Leer</b>	<p>Die Universiteit gebruik die internet en GIS, maar hulle e-leer is nog in 'n vroeë ontwikkelings stadium.</p> <p>Daar word tans gewerk aan 'n tele- en videokonferensiestelsel (Bangladesh Open University, 2004).</p>	<p>Studie-inligting en -materiaal is op die internet beskikbaar vanaf die Universiteit se webwerf (UT online, 2010), maar slegs sowat 5% van studente kan daarvan gebruik maak, a.g.v.. beperkte internettoegang (Setijorini &amp; Adnan, 2008).</p>	<p>Studente kan oor die internet toegang tot videokonferensies kry en aan dosente boodskappe stuur, en sedert 2010 kan daar ook oor die internet eksamen geskryf word deur studente wat daarvoor kwalifiseer (Indira Gandhi National Open University, 2010a, 2010e).</p>
<b>Ander relevante inligting</b>	<p>Die OUB bestaan uit 6 skole, 9 departemente, 12 RRC's (Regional Resource Centres), 80 koördineringskantore, 1106 studiesentrums, 23 formele programme en 19 informele programme, en in 2008 was die aantal studente 271 630 (Bangladesh Open University, 2004).</p>	<p>UT is die enigste Universiteit in Indonesië wat hoofsaaklik afstandsonderwys aanbied (Universitas Terbuka, 2010).</p>	<p>IGNOU, het tans omtrent 1,5 miljoen studente. IGNOU het takke in omtrent 35 lande. Daar is 11 skole, 58 streeksentrums, 7 substreeksentrums, 1400 studiesentrums en 41 oorsese sentrums. Studente van IGNOU maak omtrent 10% van alle tersiêre student uit. Grootste universiteit in die wêreld (Indira Gandhi National Open University, 2010b).</p>

### 3.4 Afstandsonderwys en oop afstandslereer in ontwikkelende Afrika lande

Oop afstandslereer het 'n beleidsopsie geword vir 'n groeiende aantal Afrikastate, en het die potensiaal om hoër onderwys aan groot getalle mense te bied. Dit is 'n vorm van onderwys wat die arbeidswêreld kombineer met studie (indiensopleiding), met voordele vir beide. Baie mense wat skoolgegaan, strewende daarna om na 'n kollege of universiteit te gaan vir verdere opleiding. Lewensomstandighede is egter so dat dit vir baie van hulle 'n onbereikbare droom bly. Afstandsonderwys bied daarom aan hierdie mense 'n geleentheid om hulle kanse te verbeter deur kwalifikasies te verwerf en/of te verbeter. Adekanmbi (2010) identifiseer onder andere die volgende parameters aan die hand waarvan transformasie in hierdie veld in Afrika gemeet kan word:

- Die geleidelike wegbeweeg van minder gesofistikeerde na meer gesofistikeerde media;
- die veranderinge in die studentetal wat oor 'n bepaalde tyd aangeteken is;
- die samesmelting van metodes van konvensionele en afstandsonderwys;
- die verbetering van interaksie tussen hulpdosente en leerders om beter kwaliteit te waarborg;
- groter samewerking tussen praktisyns en verskaffers in die veld;
- die gebruik van nuwe tegnologie vir ondersteuning en onderrig;
- die betrokkenheid van 'n wyer verskeidenheid voorsienerse in die veld;
- die totstandkoming van virtuele en globale universiteite op die kontinent;
- die mate waarin afstandsonderwys ontwikkelingsaangeleenthede hanteer;
- die moontlikheid van geldelike gewin en kommersiële neigings; en
- die neiging van navorsing in die veld.

Uit Afrika is baie te leer van verbeterde samewerking op streeksvlak, sover dit beleidsake, die ontwikkeling van afleweringstelsels en die gesamentlike gebruik van materiaal betref. Heelwat inisiatiewe bestaan om netwerke te vestig deur nasionale en streeksverenigings ten einde die kapasiteit vir oop afstandslereer in die streek uit te brei en te verbeter. Projekte wat as voorbeelde dien, is onder andere die opleiding van senior primêre onderwysers in Wetenskap, Tegnologie en Wiskunde in Afrika deur afstandsonderwys (United Nations Educational

Scientific and Cultural Organization, 2002). Dit word ondersteun deur die Gemenebes van Leer/Onderwys (*Commonwealth of Learning*) en sluit in Botswana, Malawi, Mosambiek, Namibië, Suid-Afrika, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. Opleiding vir hoofde van primêre skole vind plaas deur gebruik van gedrukte materiaal en die internet, gekoördineer deur CIFFAD (*International Francophone Consortium of Distance and Open Learning Institutions*). Daar is ook projekte in die Ivoorkus, Senegal en Guinee om die onderrig van Frans op skoolvlak te verbeter (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). In Afrika is daar net een mega-universiteit, die Universiteit van Suid-Afrika, wat in 1995 'n studentetal van 130 000 gehad het. Tans het UNISA ongeveer 260 000 ingeskrewe studente (Adekanmbi, 2010).

Oop afstandslêer in Afrika het meer onlangs begin en is minder uitgebreid as in baie ander streke van die wêreld. Belangstelling neem egter toe in die wyses waarop die potensiaal van afstandsonderwys sommige van die opvoedkundige uitdagings van die streek die hoof kan bied. Dit kan grootliks in die massavraag na onderwys voorsien, maar hoewel Egipte sê dat hy kommunikasietegnologie op skoolvlak en radio- en videokonferensies vir onderwysersopleiding gebruik, is die vlak waarop gebruik gemaak word van afstandsonderwys heelwat laer as in ander E-9-lande. Die E-9-lande is nege lande (Bangladesj, Brasilië, China, Egipte, Indië, Indonesië, Mexiko, Nigerië en Pakistan) wat 85% van die wêreld se totale ongeletterde bevolking verteenwoordig (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2009). In Algerië by die Centre National d'Enseignement Generalisé word algemene en tegniese onderwys aangebied tot op baccalaureusvlak, asook onderrig ter voorbereiding vir sertifikate en diplomas op verskillende vlakke, en ook spesialisopleiding. Kursusse word deur gedrukte materiaal, koerante, oudio- en videokassette, radio, telefoon en groepstudie aangebied, en sowat 100 000 studente is ingeskryf (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Die *Sudan Open Learning Association (SOLO)* voorsien reeds sedert 1984 'n aantal onderwysprogramme wat basiese onderwys vir volwasse vlugteling uit Ethiopië, Somalië en die Soedan insluit. Op die basiese vlak word 'n geletterdheidsprogram, 'n primêre gesondheidsprogram, die generering van inkomste en vaardighede in kleinsake aangebied. Daar is ook 'n bystandsprogram vir onderwysers wat daarop gerig is om onderwysers op basiese vlak op te lei om in skole vir vlugteling te werk (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).



Malawi het twee toegewyde afstandsonderwysvoorsieners. Een is 'n private skool en die ander 'n afdeling van die Ministerie van Onderwys, Sport en Kultuur. Die Universiteit van Malawi ondersoek moontlikhede om programme deur afstandsonderwys aan te bied, en die Domasi College of Education het die voortou geneem deur onderwysers op te lei d.m.v. afstandsl eer. Die kollege werk saam met die Gemenebes van Leer (*COL: Commonwealth of Learning*), en ontwikkel reeds modules hiervoor. MIITEP is 'n indiensopleidingprogram wat deur die Eenheid vir die Ontwikkeling van Onderwysers aangebied word om onder- en ongekwalifiseerde onderwysers op te lei, en gebruik oop afstandsl eermetodes om die program af te lewer. Die onlangs gestigte Mzuzu-Universiteit beplan ook om onderwysersopleiding aan te bied deur afstandsonderwys. Internasionale voorsieners, soos *Rapid Results College*, is ook werksaam in Malawi (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

In Zimbabwe is die Centre for Distance Education in 1993 deur die Universiteit van Zimbabwe gestig. Dit verander in 1996 na die University College of Distance Education. Die kollege word in 1999 'n volwaardige universiteit, en daarna die Zimbabwe Open University. In Zimbabwe vul die Universiteit van Zimbabwe onderwysersopleiding aan met gedrukte korrespondensiekursusse (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002). Die missie van hierdie universiteit is onder andere om nuwe kursusse te ontwikkel, aan te pas en te implementeer ten einde in die behoeftes te voorsien van voortdurende veranderings in die kennisbasis, werknemersektor en in die sosio-ekonomiese, politieke en internasionale omgewings. Hierdie universiteit bied programme aan wat lei tot B-grade in Opvoedkunde, 'n BA in Engels en Kommunikasiestudies, 'n BSc in Landbou en 'n voorgraadse diploma in klaskamerteks en diskoers (classroom text and discourse) (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

Afstandsonderwys in Afrika het ongetwyfeld 'n aantal fundamentele veranderings in die praktyk ondergaan. Dit word weerspieël in die reeks programme en vakke wat aangebied word, en ook in die samewerkingsooreenkomste wat aangegaan is, en gee 'n aanduiding van bepaalde vlakke van transformasie. Nuwe tegnologiese media is by aflewering ingesluit, kwaliteitskontrole word gedoen en metodes van konvensionele onderrig en afstandsonderwys word gesamentlik aangewend. 'n Geleidelike aanvaarding van nuwe afstandsonderwysmodelle om meer kliënte te bedien kan ook waargeneem word. 'n Werklike ontwikkeling in aanbiedings skyn nog twyfelagtig te wees, terwyl die navorsingsfokus en erkennings van die veld as 'n duidelike dissipline sterker na vore kom.

Hierdie ontwikkelings verteenwoordig 'n beginpunt in die aard van veranderinge wat oor 'n eeu waargeneem is in die stelsel onder bespreking. Namate Afrika verder in die nuwe millennium inbeweeg, moet die implikasies van globale en virtuele universiteitsaanbiedings, selfgerigte leer en nuwe media-inisiatiewe hanteer word, en gepoog word om nuwe modelle te beproef ten einde groter outonomie in die praktyk van afstandsonderwys te verseker. Die konteks wat dit sou moontlik maak, is besig om geleidelik te ontwikkel. Dit is 'n haalbare opsie vir die volhoubare transformasie van afstandsonderrig in Afrika (Adekanmbi, 2010).

Vervolgens word in meer diepte gekyk na die ontwikkeling van afstandsonderwys en oop afstandsl eer in Nigerië, Tanzanië en Uganda. Hierdie drie Afrikalande is gekies vir bespreking weens hulle groeiende betrokkenheid by afstandsonderwys en oop afstandsl eer, en omdat hulle van die grootste oop afstandsl eeruniversiteite in Afrika huisves.

### **3.4.1 Nigerië**

Volgens Aderinoye en Ojokheta (2004) begin die geskiedenis van afstandsonderwys in Nigerië by die gebruik van afstandsl eer om kandidate gereed te maak vir 'n Algemene Sertifikaat in Opvoedkunde, 'n voorvereiste vir die Londense matriekeksamen. As burgers van 'n kolonie van Brittanje het 'n handjiev ol Nigeriërs so lank gelede as 1887 reeds by die Universiteit van Londen vir 'n matriekkwalifikasie via afstandsonderwys ingeskryf (Omolewa, 1982). Met die totstandkoming van konvensionele hoërsonderwysinstansies in Nigerië, waarvan die meeste suiwer op die Londense korrespondensiemodaliteit gebaseer was, het afstandsonderwys 'n geïntegreerde deel geword van die meeste instansies wat naskoolse kwalifikasies aanbied. Van die vernaamste afstandsonderwys- en oop afstandsl eerinstansies sluit in: die *Ahmadu Bello Universiteit*, die *Distance Learning Institute* by die *Universiteit van Lagos*, die *National Teachers' Institute* (gestig 1978), die *Centre for Distance Learning and Continuing Education* by die *Abuja Universiteit* en die *National Open University of Nigeria* (Aderinoye & Ojokheta, 2004). Vandag beskik Nigerië oor van die modernste en grootste afstandsonderwysseenhede in Afrika en word duisende studente d.m.v. die model opgelei.

### **3.4.2 Tanzanië**

Afstandsonderwys is baie onderontwikkel in Tanzanië a.g.v. 'n tekort aan mensehulpbronne en voldoende infrastruktuur (Mahai, 2008; Mnyanyi & Mbwette, 2009). Tanzanië se enigste

geakkrediteerde hoërsonderwysinstansie wat afstandsonderwys aanbied, is die *Open University of Tanzania (OUT)*. Ander instansies wat ook afstandsonderwys aanbied (diplomas, informele programme, ontwikkeling van lewensvaardighede, ens.), is die *Institute of Adult Education (IAE)*, *Sokoine Agricultural University (SUA)*, *Moshi University of Cooperative Business Studies*, *Teacher Education by Ministry of Education and Vocational Training*, *Health and Sanitation Water (HESAWA)*, *Centre for Development in Health (CEDHA)* werk saam met OUT) en *Tanzania Global Development Learning Centre (TGDLC)* (Mahai, 2008). Mahai stel vyf prioriteite van oop afstandslereer in Tanzanië, wat van kritieke belang is vir die ontwikkeling van afstandsonderwys in die land (a) oop/alternatiewe onderwys; (b) opleiding van onderwysers; (c) ontwikkeling van kwaliteitsbeheer en -beleid; (d) ontwikkeling van e-leer; en (e) ontwikkeling van die gebruik van massamedia en ander tegnologiese ontwikkelings (Mahai, 2008).

Afstandsonderwys in Tanzanië word deur die *Distance Education Association of Tanzania (DEATA)* georganiseer, wat in 1992 reeds gestig is. Die huidige lede is die Onderwysministerie, *Open University of Tanzania*, *Universiteit van Dar es Salaam*, *Vocational Education and Training Authority*, die *Muhimbili University College for Health Sciences*, die *Southern African Extension Unit*, die instituut vir Volwasse Onderwys en die *Cooperative College Moshi*. Tussen hulle skryf hierdie instansies meer as 18 000 studente in. Benewens die meer tradisionele rolle van oop afstandslereer, soos hoërsonderwys en volwasse onderwys, is daar ook verskeie innoverende maniere waarop afstandsonderwys aangewend word. Onder andere word vlugtelinge uit Burundi onderrig, plaaslike raadslede opgelei en burgerlike opvoeding ook aangebied (United Nations Educational Scientific and Cultural Organization, 2002).

### **3.4.3 Uganda**

In die 1960's het Uganda die belangrikheid van korrespondensiekursusse besef, nieteenstaande die groeiende aantal Ugandese wat via Britse korrespondensiekolleges hul Algemene Sertifikaat in Opvoedkunde of hulle Cambridge-skoolsertifikaat verwerf het (Bbuye & Mango, 2005). Ten spyte van burgeroorlog het afstandslereer toenemend in Uganda ontwikkel. So vroeg as 1954 het radio 'n kardinale rol gespeel om die massas op te lei hoe om belangrike sosiale en ekonomiese probleme te oorkom. Die *Makerere-Universiteit* was die pionier om korrespondensiekursusse in Uganda aan te bied, en word vandag gesien as die toonaangewende universiteit in Uganda wat afstandsonderwysprogramme aanbied. Die

*Kyambogo Universiteit*, die tweedegrootste universiteit in Uganda, wat in 2001 ontstaan het uit die samesmelting van die *Kyambogo Polytechnique* en die *Uganda National Institute for Special Education*, bied ook afstandsonderwysprogramme aan. Sedert die 1990's het verskeie staatsdepartemente en wêreldorganisasies projekte in Uganda van stapel gestuur wat via afstandsonderwys bedryf is. Voorbeelde sluit in: die *Northern Uganda Integrated Teacher Education Project (NITEP)*, die *Rakai Integrated Teacher Education Project (RITEP)* en die *Teacher Development Management Services (TDMS)* (Bbuye & Mango, 2005).

Vervolgens word die oop afstandsleermodelle van universiteite, een uit elk van die drie ontwikkelende Afrikalande wat bespreek is, met mekaar vergelyk. Die *National Open University of Nigeria* is gekies omrede dit die enigste spesialisvoorsiener van tersiêre onderwys in Nigerië is (32 400 studente). In Tanzanië is die *Open University of Tanzania* geïdentifiseer as dié vooraanstaande oopleerinstansie. Aangesien die *Makerere-Universiteit* die pionier van korrespondensiekursusse in Uganda is, en steeds die grootste universiteit in Uganda is wat van afstandsonderwys gebruik maak, is dit gekies as die derde universiteit vir die vergelyking tussen ontwikkelende Afrikalande se oop afstandsleermodelle (Tabel 3.3). Die inligting in die tabel word nie verder bespreek nie, aangesien die inligting vanselfsprekend is.

**Tabel 3.3: Die ontstaan, model van aflewering, programaanbieding, studiemateriaal en assessering van oop afstandsleerprogramme aan universiteite in drie ontwikkelende Afrika-lande**

	NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<b>Ontstaan</b>	<p>Die National Open University is op 22 Julie 1983 deur die regering gesluit en op 12 April 2001 weer heropen (Eleweke, 2010; National Open University of Nigeria, 2010a).</p> <p>Word bedryf by 48 sentrums.</p>	<p>Die plan vir die Open University of Tanzania is in 1992 deur die parlement goedgekeur en het in 1994 geopen met 766 studente. Teen 2008 was daar reeds 40 146 studente in verskillende programme ingeskryf (Mnyanyi &amp; Mbwette, 2009).</p>	<p>Makerere is in 1922 begin as 'n tegniese skool met 14 studente. In 1937 het die Universiteit begin om naskoolse kwalifikasies aan te bied en in 1949 word dit 'n universiteitskollege wat geaffilieer is by die Universiteitskollege van Londen. In 1963 word Makerere die Universiteit van Oos-Afrika en bied dit algemene grade van die Universiteit van Londen aan, maar op 29 Junie van dieselfde jaar word die band met die Universiteit van Londen verbreek en op 1 Julie 1970 word Makerere 'n onafhanklike universiteit van die Republiek van Uganda, wat sy eie voorgraadse en nagraadse kursusse aanbied (Makerere University, 2010b).</p>

	NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<b>Modus van aflewering</b>	Enkelmodus	Enkelmodus	Dubbelmodus
<b>Programaanbieding</b>	<p>Studente ontvang studiemateriaal soos gedrukte inligtingstukke, oudio- en videokassette en CD-ROMS.</p> <p>Opvoedkundige programme is op televisie en radio beskikbaar en die Universiteit gebruik ook die internet om studiemateriaal aan studente beskikbaar te stel.</p> <p>Meer as 50 programme en 750 kursusse, van diplomas tot grade, word aangebied (National Open University of Nigeria, 2010a).</p>	<p>Programaanbieding is d.m.v. gedrukte materiaal en kontaksessies wat dit ondersteun. Die land se infrastruktuur is te onderontwikkel om e-leer te gebruik en daar is ook nie genoeg mense wat opgelei is in die gebruik van moderne tegnologie nie (Mnyanyi &amp; Mbwette, 2009).</p>	<p>Studente kan inskryf vir 'n graad, diploma of selfs net 'n paar vakke, sodra die studente deur die Universiteit se administrasie goedgekeur is.</p> <p>Module-inhoud word deurlopend geassesseer en maak 30-40% van die modulepunt uit, en dit bestaan uit ten minste 1 toets en 1 huiswerk-/tuisopdrag of 2 toetse. Die eksamen aan die einde van die semester tel 70% van 'n modulepunt (Makerere University, 2010d). Studiemateriaal kan by die Universiteit afgehaal word, maar baie studiemateriaal word ook via die internet beskikbaar gestel d.m.v. 'n program genaamd "Blackboard" (Makerere University, 2010a).</p>

	NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<b>Kontak met fasiliteerders, dosente en kontaksentrums</b>	Daar is vaste studiesentrums (in elk van die geopolitieke sones, state en plaaslikeregeringsgebiede) waar studente hulp kan verkry. Daar is tans 37 studiesentrums oor Nigerië versprei (National Open University of Nigeria, 2010a, 2010b). Dosente bied klasse by die kontaksentrums aan.	Beskikbaar en verpligtend omdat kontakssessies 'n kritieke komponent van onderrig is (min maar verpligtend) (Mnyanyi & Mbwette, 2009).	Studente kan dosente deur die Universiteit kontak of deur “Blackboard” met hulle kommunikeer (Makerere University, 2010d).
<b>Kontakklasse</b>	Kontakklasse word bepaal deur die kursus wat gevolg word (National Open University of Nigeria, 2010a, 2010b).	Aantal kontakklasse hang af van program tot program.	Die aantal kontakklasse word deur elke kursus bepaal (Makerere University, 2010c).
<b>Is kontakklasse verpligtend?</b>	Nee, kontakklasse is nie verpligtend nie (National Open University of Nigeria, 2010a, 2010b).	Kontakklasse is verpligtend aangesien dit beskou word as 'n uiters belangrike deel van onderrig (Mnyanyi & Mbwette, 2009).	Die Universiteit dui aan indien daar verpligte kontakssessies is (Makerere University, 2010c).
<b>Studiegroepe</b>	Studente kan in groepe by studiesentrums bymekaar kom, indien hulle voel dat dit nodig is (National Open University of Nigeria, 2010a, 2010b).	Onbekend	N.v.t.
<b>Hoe ontvang studente hulle studiemateriaal?</b>	Studiemateriaal word per koerier (gewoonlik NIPOST) aan studente gestuur. Die Universiteit het ook sy eie koerier en	Onbekend	Studente kan ook kursusmateriaal verkry deur die Universiteit se Blackboard-program, via die internet. Al die inligting wat 'n studente vir 'n

NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<p>studente kan ook studiemateriaal by die studiesentrums afhaal (National Open University of Nigeria, 2010a) Elektroniese verspreiding van leermateriaal in multimedia oor vaste lyne (telefone of gehuurde lyne), land- en VSAT draadlose kommunikasiesistels (National Open University of Nigeria, 2010a).</p> <p>Aan die einde van elke semester kan eksamens by studiesentrums afgelê word (eksaminering vind op dieselfde tydstip by al die sentrums plaas). Toesighouers is fasiliteerders by die studiesentrums, persone wat van die universiteit af gestuur word (Ibara, 2008).</p>		<p>kursus benodig, word hier beskikbaar gestel. Studiemateriaal word ook per pos aan studente gestuur (Makerere University, 2010c).</p>



	NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<b>Assessering (eksamens)</b>	<p>Die jaar 2010 is die eerste jaar dat e-eksaminering gebruik is. Studente kon oor die internet eksamens aflê by enige van die studiesentrums in die land as hulle daarvoor gekwalifiseer het (National Open University of Nigeria, 2010b).</p> <p>Eksamens word twee keer per jaar, een keer per semester in Januarie/Februarie of Augustus/September afgelê, by 37 studiesentrums wat oor die land versprei is (National Open University of Nigeria, 2006).</p>	<p>Eksamens word by kontakgeleenthede afgelê en bestaan uit 'n skriftelike eksamen van drie uur aan die einde van die akademiese jaar, wat 70% tel van die jaarpunt tel, en kan by 27 studiesentrums oor die land geskryf word. Die universiteit het 'n Eksamensindikaat gestig om al die reëlings rondom die eksamen te behartig (The Open University of Tanzania, 2011).</p>	<p>Vakke loop gewoonlik per semester en aan die einde van 'n semester moet die student 'n eksamen by 'n spesifieke studiesentrum aflê. Eksamen-tyd is die laaste twee weke van elke semester.</p> <p>Deur die loop van die semester word 'n rooster aan die studente verskaf wat die tyd en plek vir elke vak se eksamen aandui (Makerere University, 2010d)</p>
<b>e-Leer</b>	<p>Elektroniese verspreiding van leermateriaal in multimedia (oudio, data, grafika, video) oor vaste lyn (telefone of gehuurde lyne), land- en VSAT draadlose kommunikasiestelsels (National Open University of Nigeria, 2010a).</p> <p>Geregistreeerde studente het toegang tot die Universiteit se stelsel en kan van die digitale studiemateriaal op die webwerf gebruik maak (National Open University of Nigeria, 2010b).</p>	<p>Word tans nie juis gebruik nie as gevolg van 'n tekort aan mensehulpbronne en onontwikkelde infrastruktuur, maar die Universiteit is besig om aan die implementering van MOODLE-sagteware te werk (Mnyanyi &amp; Mbwette, 2009).</p>	<p>Studente wat toegang het tot rekenaars kan toegang tot die biblioteek via die internet verkry, en sodoende toegang tot digitale studiemateriaal (Makerere University, 2010e). Studente kan ook kursusmateriaal verkry deur die Universiteit se Blackboard-program, via die internet. Al die inligting wat 'n studente vir 'n kursus nodig, word hier beskikbaar gestel (Makerere University, 2010c).</p>

	NATIONAL OPEN UNIVERSITY OF NIGERIA	OPEN UNIVERSITY OF TANZANIA	MAKERERE-UNIVERSITEIT, UGANDA
<b>Ander relevante inligting</b>			Studentetal: omtrent 30 000 voorgraads en omtrent 3000 nagraads. Makerere het 22 fakulteite/skole. Studente kan op die Universiteit se webwerf met administratiewe personeel kommunikeer (Makerere University, 2010c).

### 3.5 Afstandsonderwys en oop afstandsléer in Suid-Afrika

Naas universiteite is daar verskeie Suid-Afrikaanse organisasies wat hulle daarvoor beywer om afstandsonderwys uit te brei en te verbeter (nie net spesifiek in Suid-Afrika nie, maar ook in die res van Afrika), byvoorbeeld: *NADEOSA (The National Association of Distance Education and Open Learning in South Africa)*, *DEASA (Distance Education Association of Southern Africa)*, *ADLA (African Distance Learning Association)*, en *DETA (Distance Education Teaching in Africa)*.

Die *Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)* was die eerste universiteit in Suid-Afrika wat afstandsonderwys aangebied het. UNISA is in 1873 gestig as die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en het lank as 'n eksamenagentskap vir *Oxford University* en *Cambridge University* gedien, asook as inkubator vir baie ander universiteite in Suid-Afrika. In 1946 begin UNISA met afstandsonderwys, en dit bied vandag sertifikaat-, diploma- en graadkursusse (voor- en nagraads) via afstandsléer aan. In 2004 smelt UNISA saam met die *Technikon SA* en inkorporeer ook die afstandsonderwyskomponent van die Vista-Universiteit. UNISA word beskou as een van die wêreld se mega-universiteite, met ongeveer 260 000 ingeskrewe studente (Universiteit van Suid-Afrika, 2010e, 2010f; Wikipedia, 2010b). UNISA verskaf afstandsonderwys oor die wêreld heen, studiemateriaal word aan studente geos en hulle kan eksamen aflê by een van 600 goedgekeurde studiesentrums (Universiteit van Suid-Afrika, 2010d).

Na 1994, het die Universiteit van Pretoria, UNISA, die Universiteit van die Vrystaat, die Universiteit van Port Elizabeth (nou die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit), die Universiteit van KwaZulu-Natal, en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou die NWU) almal begin om afstandonderrigprogramme aan voorheen benadeelde studente te bied. Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het in 1994, naas UNISA, die grootste aantal afstandsonderwysprogramme gehad (nege). Die belangrikste rolspelers in afstandsonderwys in Suid-Afrika sedert 2005 is die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en die Noordwes-Universiteit (Mabizela, 2005). Laasgenoemde drie universiteite het hoofsaaklik gekonsentreer op indiensopleidingprogramme vir ongekwalfiseerde en ondergekwalfiseerde onderwysers. In 2009 was die drie grootste universiteite wat afstandsonderwys in Suid-Afrika verskaf het die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Pretoria en die Tswane-Universiteit van Tegnologie (Pawl, 2009). Ander Suid-Afrikaanse instansies wat ook afstandsonderwys

aanbied, veral diplomas, is INTEC, Damelin Correspondence en die Sentrale Universiteit van Tegnologie in die Vrystaat. Volgens Breetzke (2007) bied meer as 65 instansies in Suid-Afrika tans afstandsl eerprogramme aan. Verskeie van hierdie inrigtings bied ook programme via die internet aan.

Die *Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO)* van die *Noordwes-Universiteit* is tans een van die grootste opleidingsentrums vir ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers in Suid-Afrika. Die SVO het sy ontstaan in die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege gehad as die Onderwysersentrum, wat in 1993 gestig is. Met die 2002 inskakeling van die Onderwyskollege by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), is 'n nuwe eenheid vir afstandsonderwys gestig. Die destydse Onderwysersentrum van die Potchefstroomse Onderwyskollege het gefunksioneer onder die fakulteit Opvoedingswetenskappe gevolg deur die ontstaan van die SVO.

Die Onderwysersentrum, en later die SVO, het verskeie metodes van aflewering gebruik. Daar is aanvanklik van vakansieskole, video's en satellietuitsendings vanaf Port-Elizabeth en Stellenbosch gebruik gemaak. Tans gebruik die SVO 'n oop afstandsl eermodel wat studente toelaat om enige tyd van die jaar te registreer vir: (a) die Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD); (b) die Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS); (c) die HonsBED-program; en (d) die BEd-opgradering. Studente word ondersteun deur middel van nie-verpligte kontakklasse en vakansieskole by meer as 30 studiesentrums regoor Suid-Afrika en Namibië. Studiesentrums is toegerus met rekenaars, internettoegang en klein biblioteke waar studente navorsing kan doen. Die SVO het tans ongeveer 24 000 ingeskrewe studente.

Vervolgens word die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding se oop afstandsl eermodel met die modelle van UNISA en die Universiteit van Pretoria vergelyk. (Tabel 3.4).

**Tabel 3.4: Die ontstaan, modus van aflewering, programaanbieding, studiemateriaal en assessering van oop afstandsl eerprogramme aan universiteite in Suid-Afrika**

	UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING, NWU
<b>Ontstaan</b>	Die Universiteit is die oudste in Suid-Afrika en bestaan al vir meer as 130 jaar. Dit het ontstaan in die Kaap die Goeie Hoop as 'n eksamineringsinstansie genaamd the Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, waar geen klasse aangebied is nie, maar in 1916 verander die naam na die Universiteit van Suid-Afrika en in 1918 verskuif die Universiteit na Pretoria. In 1946 word die Afdeling Eksterne Studies gestig en word die Universiteit 'n onderriginstansie (Universiteit van Suid-Afrika, 2010e).	Dit is in 1908 as die Pretoriase basis van die Transvaalse Universiteitskollege (TUKS) gestig en was 'n Engelse taalinstituut met 4 professore, 3 dosente en 32 ingeskrewe studente. Op 10 Oktober 1930 het 'n wet van die parlement gelei tot die naamsverandering na die Universiteit van Pretoria (UP). In daardie stadium was daar meer as 900 ingeskrewe studente, wat dit die grootste tersiêre instelling in die land gemaak het (Universiteit van Pretoria, 2010).	In 1993 kom die destydse Onderwysersentrum van die Potchefstroomse Onderwyskollege tot stand vir die indiensopleiding van ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers. Met die inskakeling van die Potchefstroomse Onderwyskollege by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 2002, is 'n afstandsonderwys-eenheid tot stand gebring. Sedert 2004 staan die eenheid bekend as die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) aan die Noordwes-Universiteit (NWU).
<b>Modus van aflewering</b>	Enkelmodus	Dubbelmodus	Dubbelmodus

	UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING, NWU
<b>Programaanbieding</b>	<p>Studiemateriaal en -hulp bestaan uit die volgende: gedrukte materiaal, hulpdosente, tegnologiese ondersteuning, tele- en videokonferensies en e-leer. Aan die begin van elke kursus ontvang ingeskrewe studente 'n tutoriaalbrief waarin alle belangrike inligting m.b.t. die kursus saamgevat is, byvoorbeeld die dosent se besonderhede, modulevereistes, opdragte, ens. (Universiteit van Suid-Afrika, 2010b).</p>	<p>Leermateriaal vir afstandsonderwys is slegs beskikbaar in Engels. Die leermateriaal wat studente ontvang, bestaan uit alles wat hulle nodig het om die kursus te slaag en geen addisionele materiaal hoef aangekoop te word nie. Daar word ook koeverte, voorblaaie vir opdragte en skryfblokke verskaf om opdragte in te handig. UP bied vir onderwysersprogramme aan in GOS en BEd Hons (Universiteit van Pretoria, 2007)</p> <p>Studente skryf in vir 'n gekose aantal modules. 50% is nodig om 'n module te slaag en die finale punt vir elke module word soos volg bereken: Opdrag 1 = 10%, opdrag 2 = 20% en die eksamen/projek = 70%. Daar is 'n vasgestelde minimum en maksimum studietydperk vir elke program wat in die afstandsonderwys -jaarboek beskryf word (Universiteit van Pretoria, 2007).</p>	<p>Ongekwalfiseerde en ondergekwalfiseerde indiensonderwysers kan inskryf vir: (a) Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD); (b) Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS); (c) HonsBEd. Die SVO lewer die programme in samewerking met die Open Learning Group (OLG) in Johannesburg en die Institute of Open Learning (IOL) in Namibië.</p> <p>Hierdie instansies vervul die rol van bemarkers en die administratiewe komponent, wat studente inskryf en voorsien van studiemateriaal en inligting.</p> <p>Die SVO het gemiddeld 24 000 ingeskrewe studente. Studente bou semesterpunte op via werksopdragte en skryf eksamen aan die einde van elke semester.</p>

	UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING, NWU
<b>Kontak met fasiliteerders, dosente en kontaksentrums</b>	Daar is fasiliteerders, hulpdosente en eweknie-helpers beskikbaar.	UP het ook 'n mentorskapprogram waar junior studente 'n ervare senior student as mentor kan raadpleeg via BlogUP, 'n virtuele geselskamer (Universiteit van Pretoria, 2007). Voltydse en deeltydse dosente bied vakansieskoolklasse by verskeie sentrums in Suid-Afrika aan.	Dosente, fasiliteerders en sentrumkoördineerders bied ondersteunende kontakklasse en vakansieskole aan by studiesentrums regoor Suid-Afrika en Namibië. Studiesentrums is toegerus met rekenaars, internet en klein biblioteke.
<b>Kontakklasse</b>	Datums vir kontaksessies word vir elke module op die web beskikbaar gestel, na gelang dit gereël word (Unisa, 2010).	Beskikbaar (gewoonlik twee per jaar). Die inligting oor aantal en datums van kontaksessies word aan die begin van elke kursus aan die studente verskaf (Universiteit van Pretoria, 2007).	Gereelde kontakklasse en vakansieskole word by studiesentrums aangebied.
<b>Is kontakklasse verplichtend?</b>	Kontakklasse is nie verplichtend nie	In sommige gevalle is kontakklasse verplichtend (Universiteit van Pretoria, 2007).	Kontakklasse en vakansieskole is vrywillig. Studente word aangemoedig om dit by te woon.
<b>Studiegroepe</b>		Daar is 'n virtuele studie-/ geselsruimte genaamd BlogUP waar studente via die internet met mekaar kan kommunikeer (University of Pretoria, 2009)).	Geen formele studiegroepe nie. Studente groepeer dikwels saam en ondersteun mekaar met moeilike modules.

	UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING, NWU
<b>Hoe ontvang studente hulle studiemateriaal?</b>	Studiemateriaal word aan studente gepos na die adres wat tydens registrasie verskaf is (Universiteit van Suid-Afrika, 2010c).	Word aan studente versend.	OLG en IOL stuur gedrukte studiemateriaal aan studente via posdiens.
<b>Assessering (Eksamens)</b>	Daar is wêreldwyd 600 eksamensentrums waar studente eksamens kan aflê.  Besonderhede van eksamens word aan studente gepos, maar studente kan ook van datums en plekke seker maak op die Universiteit se webwerf (Universiteit van Suid-Afrika, 2010d).	Studente moet registreer om eksamen te skryf. Eksamens kan óf in April óf in Oktober by vasgestelde studiesentrums afgelê word (Universiteit van Pretoria, 2007)  Eksamens kan wel deur projekte vervang word (Universiteit van Pretoria, 2007).	Studente skryf eksamen by studiesentrums na afloop van elke semester.
<b>e-Leer</b>	Die grootste e-leermetode is die webportaal <i>Students Online</i> , waar studente vir kursusse kan registreer, studiemateriaal kan bekom, opdragte kan ingee en uitslae kan verkry (Universiteit van Suid-Afrika, 2010a).	Die universiteit het 'n uitgebreide stelsel van e-leerhulpmiddels soos UPspace, en gebruik hoofsaaklik SMS'e om inligting aan studente te stuur (Universiteit van Pretoria, 2007, 2010).	Die SVO, OLG en IOL maak gebruik van SMS-tegnologie om belangrike inligting aan studente te stuur. Die SVO het ook 'n mobi-werf (mobi-site) waardeur studiemateriaal en inligting in die nabye toekoms aan studente gestuur sal word. Die SVO, in samewerking met OLG, ondersoek ook tans die moontlikheid om 'n Moodle-platform (moontlik gekoppel aan Second Life) vir studente te skep.



	UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)	UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING, NWU
			Elke studiesentrum is toegerus met rekenaars en internettoegang, waar studente navorsing kan doen. Tans implementeer die SVO Interaktiewe witborde waarmee dosente regstreeks met fasiliteerders by studiesentrum kontak kan maak vir opleiding en ondersteuning.
<b>Ander relevante inligting</b>		Daar is tans meer as 45 000 ingeskrewe studente en meer as 4 000 personeellede (Universiteit van Pretoria, 2010).	Studente kan ook basiese studie-inligting, soos roosters, vanaf die SVO-, OLG- en IOL-webblaaie verkry. Die NWU het ook 'n e-fundi-platform, maar dit word nie tans deur die SVO gebruik nie.

### 3.6 Opsomming van oop afstandslærkomponente by geïdentifiseerde universiteite in ontwikkelde en ontwikkelende lande

Tabel 3.5 voorsien 'n opsomming van oop afstandslærkomponente by die geïdentifiseerde universiteite in ontwikkelde en ontwikkelende lande. Die kriteria vir die opsomming (die gebruik van tradisionele papiergebaseerde studiemateriaal; die gebruik van verskillende vorme van tegnologie; die gebruik van e-lær; en vrywillige en verpligte kontakklasse) is gekies volgens die tema van hierdie studie en veral die empiriese ondersoek.

Soos in Tabel 3.5 gesien kan word, speel kontakklasse 'n belangrike rol in oop afstandslær in ontwikkelde sowel as ontwikkelende lande. Die SVO, die *Bangladesh Open University* en *Universitas Terbuka* is die enigste universiteite in die bespreking waar kontakklasse nie verpligtend is nie. By die meerderheid van die universiteite is die meeste van hul kontakklasse ook nie-verpligtend, hoewel spesifieke modules en programme se kontakklasse verpligtend is. By die *Open University of Tanzania* is alle kontakklasse verpligtend, omrede hulle dit noodsaaklik beskou vir effektiewe onderrig-lær.

Al die universiteite wat verken is, maak gebruik van gedrukte studiemateriaal, sowel as verskillende vorme van tegnologie, bv. CD's, DVD's, satelliet, radio, TV ens. Al die universiteite, behalwe die *Open University of Tanzania*, maak op een of ander wyse gebruik van e-lær, hetsy in die vorm van internetgebaseerde platforms waarop studie inligting beskikbaar is, óf in die vorm van blogs, forums, virtuele leergemeenskappe en interaktiewe witborde wat deur die internet met mekaar netwerk. Die SVO is tans besig om m-lær (mobiele lær) te implementeer. Tabel 3.5 toon aan dat ten spyte van beperkte infrastruktuur, armoede, ongeletterdheid en geografiese isolasie, bykans alle universiteite in ontwikkelende lande die inligtingsera aangryp en toenemend gebruik maak van tegnologie en e-lær, hoewel in baie gevalle die meerderheid studente steeds nie toegang tot die internet het nie.

Die doel van die vergelyking van die verskillende oop afstandslæruniversiteite was primêr om te kyk na die metode van aflewering asook die aanbieding van kontakklasse asook e-lær van onderrig. Hierdie komponente het ook die basis gevorm van die empiriese ondersoek in Hoofstuk 6.

**Tabel 3.5: Opsomming van oop afstandsl eerkomponente by geïdentifiseerde universiteite in ontwikkelde en ontwikkelende lande**

	<b>GEBRUIK TRADISIONELE PAPIER-GEBASEERDE STUDIEMATERIAAL</b>	<b>GEBRUIK VERSKILLENDE VORME VAN TEGNOLOGIE (CD, DVD, RADIO, SATELLIET, TV, ENS)</b>	<b>E-LEER (INTERNET- GEBASEER).</b>	<b>KONTAK- KLASSE</b>	<b>KONTAKKLASSE VRYWILLIG (V) SOMMIGE KONTAKKLASSE VERPLIGTEND (✓)</b>
<b>Ontwikkelde Lande</b>					
Open University London	✓	✓	✓	✓	V ✓
Charles Sturt University, Australië	✓	✓	✓	✓	V ✓
Linnaeus, Swede	✓	✓	✓	✓	V ✓
<b>Ontwikkelende Oosterse Lande</b>					
Bangladesh Open University	✓	✓	✓	✓	V
Universitas Terbuka, Indonesië	✓	✓	✓	✓	V
Ghandi National Open University (IGNOU), Indië	✓	✓	✓	✓	V ✓
<b>Ontwikkelende Afrika Lande</b>					
National Open University of Nigeria	✓	✓	✓	✓	V ✓
Open University of Tanzania	✓	✓		✓	✓
Makerere Universiteit, Uganda	✓	✓	✓	✓	V ✓
<b>Suid-Afrika</b>					
Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)	✓	✓	✓	✓	V ✓
Universiteit van Pretoria	✓	✓	✓	✓	V ✓
Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding, NWU	✓	✓	✓	✓	V

### 3.7 Samevatting

Die oop afstandslernodelle van 12 universiteite, drie in ontwikkelde lande (Engeland, Australië en Swede), drie in ontwikkelende Oosterse lande (Bangladesj, Indonesië en Indië), drie in ontwikkelende Afrikalande (Nigerië, Tanzanië en Uganda), asook drie in Suid-Afrika, is afsonderlik verken en toe met mekaar vergelyk om sodoende die beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel vir oop afstandslern aan die NWU te bepaal, en die tweede navorsingsdoelwit hierdeur te bereik.

Vanuit hierdie vergelyking is die volgende oop afstandslernkomponente geïdentifiseer wat toepaslik is vir beide ontwikkelde en ontwikkelende lande: (i) die gebruik van tradisionele papiergebaseerde studiemateriaal (word deur al twaalf universiteite gebruik); (ii) die gebruik van verskillende vorme van tegnologie, byvoorbeeld opvoedkundige CD's en DVD's, radio, satelliet, interaktiewe witborde, rekenars, selfoontegnologie, ens. (al twaalf universiteite gebruik een of ander vorm van tegnologie vir pedagogiek); (iii) die aanwending van e-lern (al die universiteite, behalwe die *Open University of Tanzania*, maak op een of ander wyse gebruik van e-lern, hetsy in die vorm van internetgebaseerde platforms waarop studie-inligting beskikbaar is, óf in die vorm van blogs, forums, virtuele leergemeenskappe en interaktiewe witborde wat deur die internet met mekaar netwerk); en (iv) vrywillige ondersteunende kontakklasse (die SVO, die *Bangladesh Open University* en *Universitas Terbuka* is die enigste drie universiteite in die bespreking waar alle kontakklasse vrywillig is; hoewel die meerderheid kontakklasse by die ander nege universiteite ook vrywillig (nie-verpligtend) is, is daar spesifieke modules en programme se kontakklasse wat wel verpligtend is. By die *Open University of Tanzania* is alle kontakklasse verpligtend, omdat kontakklasse noodsaaklik beskou word vir effektiewe onderrig-lern).

Hierdie hoofkomponente van oop afstandslernodelle, papiergebaseerde studiemateriaal, vrywillige ondersteunende kontakklasse, die opvoedkundige gebruik van verskillende vorme van tegnologie en e-lern (insluitende m-lern) vorm nie alleen die basis vir die empiriese ondersoek in Hoofstuk 6 nie, maar dien voorts as 'n fundamentele maatstaf om beste praktyke in 'n nuwe bestuursmodel vir oop afstandslern aan die NWU te verseker.

**Tabel 3.6: Aanbevelings (hoofkomponente en beste praktyke) vir 'n nuwe bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die NWU met spesifieke verwysing na onderrig en leer**

HOOFKOMPONENTE (BESTE PRAKTYKE) VIR EFFEKTIEWE OOP AFSTANDSLEERMODELLE	KOMPONENTE VAN DIE SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING (SVO), NWU SE HUIDIGE OOP AFSTANDSLEERMODEL	AANBEVELINGS VIR 'n NUWE BESTUURSMODEL VIR OOP AFSTANDSLEER AAN DIE NWU
Gebruik van tradisionele papiergebaseerde studiemateriaal	Papiergebaseerde studiemateriaal (studiegidse, handboeke, tutoriale briewe, inligtingsboekies, eksameninligting en vraestelle, ens) word aan studente uitgereik.	Gaan voort met bestaande papiergebaseerde studiemateriaal wat tans in gebruik is by SVO. Onderzoek moontlikheid: (i) dat sommige papiergebaseerde studiemateriaal vervang kan word deur elektroniese studiemateriaal; en (ii) dat studente die keuse gegun word om aan te dui in watter formaat (papiergebaseer of elektronies) hulle sommige of alle studiemateriaal wil ontvang.
Aanbieding van vrywillige ondersteunende kontakklasse	Die SVO bied tans 12 vrywillige ondersteunende kontakklasse aan per module per jaar, asook twee vakansieskole waarin probleemmodules behandel word.	Afhangende van die bevindinge van hierdie studie, verminder of vermeerder die aantal vrywillige ondersteunende kontakklasse en vakansieskole per jaar. Onderzoek ook of verskillende vorme van tegnologie, bv. witborde, as plaasvervangers vir sekere kontakklasse en fasiliteerderopleiding geïmplementeer en gebruik kan word.

HOOFKOMPONENTE (BESTE PRAKTYKE) VIR EFFEKTIEWE OOP AFSTANDSLEERMODELLE	KOMPONENTE VAN DIE SKOOL VIR VOORTGESETTE ONDERWYSERSOPLEIDING (SVO), NWU SE HUIDIGE OOP AFSTANDSLEERMODEL	AANBEVELINGS VIR 'n NUWE BESTUURSMODEL VIR OOP AFSTANDSLEER AAN DIE NWU
Die gebruik van verskillende vorme van tegnologie vir onderrig-leer	Die SVO maak tans gebruik van verskillende vorme van opvoedkundige tegnologie, insluitende: opvoedkundige DVD's, 'n mobi-werf SMS'e, interaktiewe witborde, rekenaars en internetverbinding by bronneseentrums, 'n Webblad, telekonferensies, e-posse, elektriese projektors en skootrekenaars vir aanbieding van kontakklasse, 'n skandeerstelsel, ens.	Gaan voort met die gebruik van verskillende vorme van tegnologie vir onderrig-leer, asook administrasie, wat tans gebruik word by die SVO. Evalueer huidige tegnologie se onderrig- en leereffektiwiteit, produktiwiteit en koste- en tydeffektiwiteit, en ondersoek moontlike tegnologiese plaasvervangers of nuut ontwikkelde produkte. Ondersoek byvoorbeeld die implementering en gebruik van elektroniese assesserings- en nasienprogrammatuur vir werksopdragte en eksamenskrifte; asook elektroniese selfregistrasies deur studente op die internet.
Die implementering en gebruik van e-leer en m-leer	Die SVO gebruik tans internetgebaseerde platforms, byvoorbeeld die SVO-webblad, mobi-werf en Moodle, waarop studie-inligting beskikbaar is, asook studenteforums op die OLG-webblad. Die SVO gebruik ook toenemend interaktiewe witborde wat deur die internet met mekaar netwerk vir die opleiding, pedagogie en skakeling tussen dosente, fasiliteerders en studente.	Bou voort op die SVO se huidige gebruik van e-leer, en ondersoek die verdere implementering en toenemende gebruik van verskillende vorme van e-leer en m-leer.

Tabel 3.6 lys die hoofkomponente (beste praktyke) vir effektiewe oop afstandsleermodelle, met verwysing na onderrig en leer soos uitgewys deur die vergelykende analise van twaalf

oop afstandsleermodelle in beide ontwikkelde en ontwikkelende lande (Tabel 3.5). Dit gebruik hierdie vier hoofkomponente as 'n maatstaaf om die huidige SVO-koop afstandsleermodel te evalueer, en maak hieruit voorlopige aanbevelings vir 'n nuwe bestuursmodel vir oop afstandsleer aan die NWU.

Ten spyte van beperkte infrastruktuur, armoede, ongeletterdheid en geografiese isolasie word -e-leer (elektroniese leer) en m-leer (mobiele leer) toenemend in beide ontwikkelende en ontwikkelde kontekste geïmplementeer en as afleweringmediums vir oop afstandsleerprogramme gebruik (L. A. Schlosser & Simonson, 2002), soos ook in die vergelykende analise in Tabel 3.5 weerspieël word. Dit noodsaak die SVO om e-leer en m-leer verder te implementeer en te gebruik binne 'n nuwe bestuursmodel vir oop afstandsleer, om by te bly by die groeiende inligtingsera en NWU-studente te bemagtig vir die uitdagings van die moderne tegnologiegebaseerde globale inligtingsamelewing en sodoende sosio-ekonomiese ontwikkeling vir Suid-Afrika te bewerkstellig. Die rol van kontakklasse bly egter ook belangrik, veral vir sekere groepe studente en programme.